# menlo-insig

7/2025

6 Maart 2025

## LIEWE MENLO

Vroeër vandeesweek het die Insig 'n tikkie moegheid onder die Parkies bespeur. "Juffrou," sê die kinders, "die week is wild. Ons doen take, skryf toetse en baljaar smiddae op die sportveld." Dis toe dat sake skielik begin sin maak…

Was die kwartaal 'n af-Comrades was ons nou by Field's Hill. Dit is 'n genadelose afdraande (kan jy glo?) wat organe skud, spiere in jellie verander en jou in jou goeie oordeel laat twyfel. Net soos wat die Parkies dit nou beleef, is daar teen hierdie tyd al 'n paar myle op die bene (of is dit nou die breine?) en dit het die vermoë om die entoesiasme soms 'n bietjie te erodeer.

Na Field's Hill wag Cowies Hill – die laaste van die Groot Vyf-bulte. Op 'n kaart lyk die bult taamlik nors, maar dit is in werklikheid 'n Comrades-oase, want Cowies kronkel deur 'n pragtige en skaduryke woonbuurt waar geesdriftige toeskouers in hulle hordes opdaag om die atlete aan te moedig en voor jy weet, is jy oor die hond se stert.

Net soos Comrades en die lewe maar is, is skoolgaan nie altyd maklik nie. Die Insig weet egter uit ervaring dat daar 'n afdraande na elke opdraande stryd volg en dat mislukking help om oorwinnings te waardeer en koester.

Daar was vandeesweek 'n paar uitdagings én oorwinnings op Menlo-bodem – elk met sy eie les. Na die eerste wedstryde van die wintersportseisoen weet ons dat spanwerk pret verdubbel en moeite halveer: Of dit nou in 'n English Olympiad of op die koorbanke is, op die gholfbaan, netbalbaan, hokkie- of rugbyveld en selfs op die verhoog – by Menlo werk ons saam, sweet ons saam en lag ons saam, want Die Hoërskool Menlopark is 'n oase van geleenthede!





## MENLO-WINTERSPORT IS GEREED!



# DAGBOEK

**7/3**
Tennis: Gerrie Berner-Toernooi (Paarl) – 8/3
Hokkie: Young Eagles-toernooi (Potchefstroom) – 9/3

**8/3**
Wintersport: Piet Retief (weg)

**10/3**
Muurbal: Liga

**11/3**
Junior opleiding – alle graad 8's en 9's is welkom! (Ouditorium, 16:30 – 17:30)

**12/3**
Tennis: Senior dogtersliga
Akademie: Franse-aand (Ouditorium, 18:00)

**13/3**
Tennis: Junior seunsliga

### Belangrike skakels

Volg gerus die onderstaande skakels vir belangrike datums:

● Rugby ● Hokkie ● Netbal
● Kultuur ●Toetsrooster

## Sondagsport op Menlo-bodem: Quo vadis?

Ouers het waarskynlik opgemerk dat die Menlo-bodem nie gedurende die afgelope twee Sondae stil was nie en dat daar sportaktiwiteite plaasgevind het. Daar was allerhande faktore wat tot hierdie gebeure aanleiding gegee het en na deeglike oorweging was dit die beste opsie. Die skool wil dit egter beklemtoon dat Sondagsport op Menlo-bodem die uitsondering en nie die reël is nie. Baie dankie vir elke ouer se begrip!



# MENLO MA'S WAT OMGEE

### Gebedsbyeenkoms

- Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer.
- Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.
- Alle ma's en oumas is welkom!






## Menlo-Fransleerders – absolut superbe!

Dit was weer vandeesweek tyd vir Menlo se graad 11-Fransleerders om hulle spelvaardighede teen ander skole in Pretoria en Johannesburg wat Frans aanbied, in Alliance Francais se jaarlikse spelkompetisie, te toets. Mikeiah Steyn en Lauren Malan het die skool se naam in die eerste ronde van die kompetisie hoog gehou. Daar is van Mikeiah en Lauren verwag om soveel as moontlik woorde in een minuut te spel. Hierdie taak was geen uitdaging vir ons gedugte Fransduo nie en hulle het moeiteloos na die finale ronde gevorder. Baie geluk!

En... Terwyl die res van die samelewing verlede jaar vir die Desembervakansie voorberei het, het Isabelle Roos, Lauren Malan, Annabel van Niekerk, Corlise Potgieter, Lyla Coetzee en Salma Ounaceur die DELF A1-eksamen aangedurf en uitstekende resultate behaal. Die uitslae is pas bekendgemaak en die skool is trots op hierdie taalvaardige leerders.

Hartlik geluk.

Menlo-Frans is fantastique.









## Deutsches Camp – prima!

Die graadtien Duitsleerders het die naweek van 1 Maart by die pragtige Joy Unspeakable-kampterrein by Roodeplaatdam saam met die Duitsleerders van ons buurskole gekamp. Op hierdie kamp was die gemene deler slegs Duits en daarom moes leerders van verskillende skole vir 'n slag saamwerk, in plaas van kompeteer, soos gewoonlik die geval is.

Die fokuspunt van die kamp was die FSA se Duitse uitruilprogram waar moets, moenies en moet asseblief nies met heerlike humor bespreek is. 'n Vasvrakompetisie het vir groot pret gesorg, terwyl die skattejag leerders herwaarts en derwaarts oor die kampterrein gestuur het. Die hoogtepunt was egter die "Duitse" potjiekoskompetisie in gietende reën waar spanne moes bontstaan met "Kartoffeln" en "Karotten" wat geskil en gaargemaak moes word. Unieke maniere van pynappelskil en spanspekslag het die onderwysers laat vermoed dat sommige leerders dink dat hierdie vrugte slegs in verpakte weergawes groei. Gelukkig is nie net die wenspan beloon nie, maar al die deelnemers het met pryse soos serpe, boeke, Duitse sjokolade, plakkate, T-hemde, bekers of musiek weggestap.

Om aan die Duitse uitruilprogram deel te neem, verg heelwat waagmoed en diegene wat kans sien om Duits te neem en die Duitse grammatikadraak te tem, is dus ideale uitvoerprodukte.

Menlo-Duitsleerders is 'n spesie op hulle eie en het met hul kreatiwiteit, oorspronklikheid en spontaneïteit weereens die koppe laat draai en ons absolut trots gemaak.






# TENNIS

## Shocking. Positively shocking.
### *(Goldfinger, 1964)*

Komaan, erken dit. Wanneer 'n mens aan 'n dobbeldorp soos Sun City dink, dink jy eers aan James Bond en Ocean's Eleven, dan aan die wêreldbekende Sun City-gholftoernooi en daarna aan die Menlo-Mixit-Tennistoernooi. Dit sal egter nie meer lank so wees nie, want die Parkie-tennissterre het die toernooi in egte Bond-styl verower en Menlo-Mixit sal voortaan die eerste gedagte wees wanneer mense aan Sun City dink.

In die opponente se kamp is die woorde: "I'm sorry. That last shot nearly killed me (Casino Royale, 2006)" dikwels gehoor. Hulle het natuurlik die fout gemaak om te dink "We have all the time in the world (On Her Majesty's Secret Service, 1969)" om die Parkies te wen. Die Parkies kon dadelik antwoord met: "What makes you think this is my first time (Skyfall, 2012)?" en die oorhand gekry, want "Parkies never miss (The World Is Not Enough, 1999)." By tye was dit vir die teenstanders 'n kwessie van "I only need one (The Man With The Golden Gun, 1974), " maar hulle pogings was tevergeefs.

Aan die einde van die toernooi het die volgende woorde deur Sun City geëggo: "Dis Park. Menlopark."

Baie dankie aan Menlo-tennis vir 'n heerlike toernooi in die Sonstad waar ons senior A-spanne (seuns en dogters) as wenners uit die stryd getree het. Hier volg die name van ons eie Sun City-tennissterre:

**Junior dogters A:** Nina Jansen van Vuuren, Danika Geyser, Abigail Prinsloo, Lemé Beyers & Danelle Niemandt.

**Junior dogters B:** Suna-Marie Barnard, Jené Maree, Christa Heyneke, Marian Winckler & Lea Dirker.

**Senior dogters A (Wenners):** Melissa Meyer, Liané Smit, Carmen Nel, Mika Keet & Robyn de Kock.

**Senior dogters B:** Lisa Beyers, Karli Ligthelm, Kelsey Eksteen, Pheladi Maji & Chrizele Lombaard.

**Junior seuns A:** Ruben Lourens, Dorian de Jong, Andrio Eksteen, Chris Muller & Reuben Spies.

**Junior seuns B:** Christian Meyer, Rousseau Basson, Nicholas le Roux, Erich Esterhuyse & Ethan Oosthuizen.

**Senior seuns A (Wenners):** Stefan Jansen van Vuuren, Joshua Smit, Kelly Mostert, Johan Bosch & Markus de Jager.

**Senior seuns B:** Jordan Botha, Nicholas Pretorius, Jan-Hendrik Swanepoel, Jaden van der Westhuizen & Ludwig van Ginkel.



## Wykeham Collegiate

Megan Fourie, Melissa Meyer, Danika Geyser, Robyn de Kock en Danelle Niemandt het intussen hulle tennistalent by The Wykeham Collegiate in Pietermaritzburg ten toon gestel.

Die Hoërskool Menlopark was die enigste openbare skool wat aan die toernooi deelgeneem het en dit was voorwaar 'n heerlike leerervaring!

Baie geluk aan die spelers en afrigter, mnr. Hendrik Coertzen, wat vir die soveelste maal bewys het dat Parkies uitdagings vir ontbyt opeet.





# SPORT

## Ditsem, Menlo!

Die wintersportseisoen is uit die blokke en ons is dankbaar vir die sukses wat die spanne vandeesweek behaal het.

Hier volg die uitslae teen Hoërskool Eldoraigne:

### Netbal

| | |
|---|---|
| O. 14A: 28-15 | O. 14B: 26-6 |
| O. 15A: 31-11 | O. 15B: 28-5 |
| O. 16A: 26-4 | O. 16B: 21-9 |
| O. 17A: 29-11 | O. 17B: 41-5 |
| O. 19A: 54-13 | O. 19B: 39-8 |

### Rugby

| | |
|---|---|
| O. 14A: 41-0 | O. 14B: 45-0 |
| O. 15A: 40-7 | O. 15B: 12-7 |
| O. 16A: 66-0 | O. 16B: 52-0 |
| Derdes: 26-0 | Tweedes: 45-0 |
| Eerstes: 50-13 | |

Volg gerus die skakel vir meer inligting oor die Parkies se skitterspel.

### Rugby vs. Zayo Academy (A-spanne)

| | | |
|---|---|---|
| O. 14C: 47-0 | O. 16C: 5-47 | Vierdes: 7-32 |

### Rugby vs. F.H. Odendaal (A-span)

O. 15C: 14-7

### Hokkie: Dogters

| | |
|---|---|
| O. 14A: 1-0 | O. 14B: 1-0 |
| O. 15A: 3-2 | O. 15B: 4-0 |
| O. 16A: 1-0 | O. 16B: 4-0 |
| Eerstes: 8-0 | Tweedes: 2-0 (wedstryd is verkort a.g.v. reën) |

### Hokkie: Seuns

| | | |
|---|---|---|
| O. 14A: 3-0 | O. 14B: 2-0 | |
| O. 16A: 1-1 | Tweedes: 2-0 | Eerstes: 1-2 |

Die dogtershokkiespanne het verlede naweek na Bethlehem gereis om aan die Balling Festival deel te neem. Hier volg 'n paar hoogtepunte:

O. 14A: 3-2 vs. Union High School; 1-2 vs. Oranje.

O. 15A: Gelykop teen TWC en Witteberg se o. 16A-spanne.

O. 16A: 1-0 vs. St Mary's Kloof en Our Lady of Fatima.

Eerstes: 3-5 vs. Oranje; 4-0 vs. Voortrekker (Bethlehem) en 3-2 vs. St Mary's Kloof.

Die seunspanne het op hulle beurt aan 'n vriendskaplike toernooi op Menlo-bodem deelgeneem. Die Insig sien saam met die spanne na 'n opwindende seisoen uit en wens almal sterkte vir die stryd teen Hoërskool Piet Retief toe. #Maakonstrots

# PERDRY

## Parkie en haar blinkvosperd presteer

Baie geluk aan Kera-Madison Macfarlane wat uitstekende prestasies by die *334 Sporthorse Stud Pony Rider, Junior and Adult SA Indoor Grand Prix* behaal het. Die geleentheid het by Maxwell's Equestrian Centre plaasgevind en word allerweë as een van die land se voorste kompetisies beskou. Hier volg die uitslae wat Kera as een van die beste ponieruiters in die land onderskei:

| | |
|---|---|
| 1.10 m Pony Rider A2 (*1st Qualifier*) | 1ste |
| 1.10 m Pony Rider 2 Phase (*2nd Qualifier*) | 1ste |
| 1.10 m Pony Rider Indoor Grand Prix-finaal | 2de |



# SPOG

## Menlo-bodem lewer provinsiale onderwaterhokkiespelers op

Daar is diegene wat verkies om sport op droë grond te beoefen en dan is daar die wat dit verkies om landsport eerder onder water te beoefen. Vyf Menloparkers is in Gauteng-Noord se onderwaterhokkiespan opgeneem en sal aan die einde van Maart by die nasionale toernooi in Bloemfontein in aksie wees.



Hartlik geluk aan:

| | |
|---|---|
| Daniel de Waal | O. 16A |
| Dieter Pienaar | O. 16A |
| Melinda Erasmus | O. 16A |
| Selie de Villiers | O. 16A |
| Inge Lambrecht | O. 19A |

# ALGEMEEN

## Menlo is *MySchool…*
## Swaai asb. u kaart en *Boost* ons inkomste




MySchool en Boost Procurement is inisiatiewe waar ouers fondse vir die skool kan insamel sonder dat dit hulle enigiets kos.

Die Hoërskool Menlopark doen daarom ŉ beroep op u, as ouer, om asseblief van hierdie fondsinsamelingsinisiatiewe gebruik te maak. Vir u gerief lys ons graag die stappe wat u kan volg om hierdie geleenthede aan te gryp:

### MySchool

Installeer die MySchool-toep op u foon en volg die skakel na MySchool se webblad om die proses via hierdie platform te voltooi. Skakel gerus die volgende nommer indien u enige probleem ondervind: 0860 100 445.

### Boost

Volg die skakel en kies "Parents join here."






## Menlo-ondersteunersdrag beskikbaar

Maak gerus 'n draai by Menlo se sportwinkel as jy die volgende Menlo-byeenkoms in ondersteunersdrag wil bywoon!

- Damesgholfhemp
- Dameshoedjie
- Mansgholfhemp
- Manshoed (bucket hat)
- *Soft shell*-baadjies
- Menlo-sambrele

Hou hierdie spasie vir meer items dop en ondersteun jou kind se span voluit!

**Let asseblief daarop dat die skoolwapen slegs met goedkeuring van bestuur en die bemarkingskantoor gebruik mag word.**

Menlo-sportwinkel: Tinus Vermaak (sportsupplies@telkomsa.net).



# MENLO-INLIGTING

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

### EKSTRA KLASSE

**Wiskunde**
Graad 8: Maandae
Graad 9: Woensdae
Graad 10: Dinsdae
Graad 11: Maandae
Graad 12: Donderdae
Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.

**Fisiese Wetenskappe**
Graad 12: Maandae in D2
Graad 11: Dinsdae in H9
Graad 10: Donderdae in H10

Vraag-en-antwoordsessies:
14:10 - 15:00

### TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

### MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

### SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

### ED-ADMIN

- Maak asseblief seker dat u die toep op u foon installeer.
- Menlo-nuus en Menlo-kommunikasie is op die toep beskikbaar.
- Het u besonderhede dalk verander? Verander gerus self u telefoonnommer, adres of e-posadres op die toep.

### MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

### BEMARKINGSKANTOOR

### ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!

### WEEKLIKSE BEPLANNING

Die beplanning word weekliks op die klasgroepe geplaas. Raadpleeg gerus u kind.


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
DAGBOEK
die datum
8 Mei 2025
Menlo-gholfdag
Woodhill Buiteklub
Navrae: Me. Méhan de Vries
mehan.devries@menlopark.co.za


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
DAGBOEK DIE DATUM
17 OKTOBER 2025
Prestigedinee en -wynveiling
Pretoria Country Club
Navrae: Me. Méhan de Vries
mehan.devries@menlopark.co.za


EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
Menlo vir altyd!

# MARKPLEIN


PASSIESPEL
14 - 17 APRIL 2025 OM 18:00
082 904 3388
269 LANCIA STRAAT
GRATIS TOEGANG
As jy voel jy is geroep, en wil graag deelneem aan die toneelstuk. kontak ons by 082 904 3388 vir meer inligting.
Ons oefen elke Maandag om 18:00.
Kom na My toe almal
LYNNWOODRIF GELOOFSFAMILIE


Julle is helde!
Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!
Reghardt
Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.
wirulink
wireless · fibre · voice · data
RUSH NETWORK
MetroFibre
D F A
VUMA
Frogfoot
openserve